

# Skielik vang my oog die bank waar sy gaan sit ...

Waldemar Stumpfe



**M**y oog vang skielik die plek waar sy in die bank gaan sit. Dit is my nuwe vroulike kollega wat kom luister hoe ek die erediens aanbied – natuurlik was dit haar verduideliking. Sy is so pas aangestel in die gemeente, en die eerste keer in my bediening het ek die geleentheid om in 'n span te werk waar een van my kollegas 'n vrou is.

Ja, ek is bewus van die sensitiwiteit rondom die vrou in die amp en die gruwel van diskriminasie wat vroue in die verlede aangedoen is. En dit is vanselfsprekend dat ek nie meer deel daarvan wil wees nie. Graag sal ek haar wil oortuig van my eie bevryde denke en van my gemak om polities korrek op te tree teenoor persone van die ander geslag.

## 'Ons Moeder'

Ek was skaars op dreef, of ek betrap my ondergebed dat ek skielik nie seker is of ek God as Hom of Haar moet aanspreek nie. En is dit nie meer so vanselfsprekend dat God "Vader" is nie. Ewe dapper probeer ek myself handhaaf en spreek God toe sommer as "Moeder" aan, en maak seker dat verdere voornaamwoorde vroulik is. Ná die amen kon ek nie die glimlag op haar gesig mis nie. Ek het geweet dat my gebrekkige sensitiwiteit rondom hierdie aange-

leentheid nou ontbloot was.

My verleentheid het egter nie daar geëindig nie. 'n Ontstoke lidmaat het my voor stok gekry en ek is opgekommandeer tot 'n ernstige teologiese gesprek waarin ek moes verduidelik oor die vroulike voornaamwoorde waarmee ek God durf aanspreek het. "Dit is tog duidelik dat Jesus ons self geleer het om God as 'Onse Vader' aan te spreek," moes ek hoor.

My eie denke hieroor was toe ook nie so goed deurdag soos wat ek sou wou hê nie. My bron van ervaring was beperk, want ek het nog nooit nodig gehad om vreeslik ernstig vir die plek van die vrou te veg nie. Ek vermoed dat dit nie vir baie manlike teoloë nog ooit nodig was om profetiese rolle in te neem ter wille van die plek en rol van die vrou in die kerk nie. Gelukkig was daar mos die paar dapper "dames" wat in die voorste linies die aanvoer werk kon doen!

Ja, ek kon saamstem oor baie sake van diskriminasie en onredelike optrede teenoor die vrou, maar min was ek bewus van die gebrekkige geïntegreerdheid hieroor in myself. Terwyl vroue-teoloë hulle vingers moes stomp baklei téén die kerk se onbillike en eensydige hantering van vroue en hulle rol in die kerk, kon ek my teologie bedryf sonder om toe te laat dat dit my na die plek van ander se pyn en hulle op die kantlyn dryf. Die vraag wat by my opgekom het, was: "Hoe kan vroue hulle veilig voel in 'n omgewing waar ons mans weet wat die regte ding is om in die openbaar te sê, maar baie min daarvan geïntegreer het met die rol en plek wat ons aan die vrou as volwaardige lid van die liggaam van Christus gee?"

My eie voorveronderstellings oor vroue was diep gewortel en goed verskuil in myself. Gaandeweg het ek bewus begin raak van my gebrekkige taal en eensydige optrede wat die rol van vroue in die kerk anders as dié van mans wou definieer. Dit was 'n pynlike proses van eerlike selfondersoek, verleentheid en ook groei, waarin ek moes begin toelaat om werklik my kollega

in haar volle menswees te respekteer. Ek moes toelaat dat God en teologie my vanuit die kant van die vrae en die denke van gelowiges wat in gereformeerde kringe onderdruk en uitgesluit was, herdefinieer.

Hierdie pynlike ontdekking het my skielik verder bewus gemaak van 'n klomp ander aspekte van vroue se rol en plek in die kerk.

## **Die ongeskrewe voorvereiste van jou 'man' te staan**

Dit was opvallend hoe baie vroue gemeenskapsprojekte en versorgingsprogramme bestuur. Hulle het met inisiatief vorendag gekom, en met groot sukses hulle taak en verantwoordelikhede afgehandel. Daarvoor het almal hulle groot bewondering en dankbaarheid gehad. Dit kon jou selfs die idee gee dat vroue nou hulle regmatige plek in die kerk gevind het.

Wat wel opgeval het, was die gebrek aan vrouelidmate by sekere ander kommissies en bedieninge. Geen vrou was op die eiendomskommissie nie. Finansies het van vroue se expertise gebruik gemaak, maar nie hulle leierskap nie. By die bestuurspan was vroue altyd in die minderheid. Ook die profiel van die vrou in hierdie leiersposisie het my ál meer agterdogtig gemaak oor die kerk se onvermoë om vroue volkome tuis en veilig in leiersposisies te laat voel.

Oorwegend was die vrou in dié posisies iemand wat haar "man" kon staan. Sy het gekwalifiseer as sy uit die sakewêreld kom. Sy moes weet wat om te doen en hoe om by mans in te pas. Was ons "wit" mans al ooit aan die posisie uitgelewer waar ons die meeste van die tyd in die minderheid is? Weet ons van die spanning om die vertrek binne te stap en heelyd te wonder of jou gedrag en optrede van so 'n aard is dat jy ernstig genoeg opgeneem sal word? Is die beeld wat ek projekteer van so 'n aard dat mense my as betroubaar en ingelig beskou en sal toelaat om sáám te praat oor belangrike sake en besluite?

Ek wonder hoeveel vroue werklik kans sien vir 'n vakante posisie in die gemeente se bestuurspan waar hierdie ongeskrewe voorvereistes teenwoordig is? Ek wonder wie van ons vrywillig sal kies om in hierdie konteks jouself bloot te stel? Ek kan my beswaarlik indink dat ek genoeg moed sou hê daarvoor!

## **Kerk onsensitief vir die konteks van huishoudings**

Daar is verskeie ander maniere waarop die kerk steeds "haar"-self vergryp aan die man as die beste persoon om leiersposisies op sekere terreine in te

neem. Meeste kerkvergaderings word geskeduleer op tye wat gewone huishoudings aandag moet gee aan die versorging van kinders en die afhandel van huistake. Natuurlik is ons "bevry" genoeg om te weet dat dit beide ouers se verantwoordelikheid is om hieraan aandag te gee. Maar ons weet ook dat dit in die meeste gevalle in die praktyk nie so werk nie. Die gevolg is dat dit vir baie vroue onmoontlik is om kerkvergaderings by te woon op die geskeduleerde tye.

In die omgewing waar ek werk, is veiligheid 'n groot kwessie. Vroue in ons land is net eenvoudig 'n groter teiken van geweld as mans. Ek kan my beswaarlik indink dat ons mans onself sal blootstel aan groter veiligheidsrisiko's net om 'n kerkvergadering by te woon. Tog is dit die ongeskrewe verwagting van die kerk en sy strukture van vroue.

Aan die hoof van enkelouer-gesinne staan hoofsaaklik vroue. Op geen, of op 'n baie beperkte manier, gee die kerk erkenning en ondersteuning aan die unieke behoeftes en versorging van hierdie sisteme nie. Ek wonder maar weer watter man sal sy ondersteuning aan 'n organisasie gee waar sy konteks nie ernstig opgeneem word en nie na sy behoeftes geluister word nie? Die kerk kan nie gedien word sonder om lidmate se unieke kontekste te verreken en hulle unieke behoeftes ernstig op te neem nie.

Dit is hierdie diep gewortelde onsensitieweit vir die vrou wat my soms tog laat twyfel aan ons vermoë om 'n regmatige plek aan vroue in die kerk te gee. Ek wonder of ons ooit "mans" genoeg sal wees om ons gemeentebestuur af te staan aan 'n bestuursliggaam wat hoofsaaklik uit vroue bestaan en wat oorwegend voltydse tuisteskeppers en enkelouers is – wat eerder soggens vergader en as byeenkomplek liever die tuin bó die koue, strak vergaderlokaal van die kerk verkies? Watter nugter denkende organisasie sal dit waag om sy voortbestaan hiéran bloot te stel?

Ek wonder hoeveel van hierdie agterdog en onsensitieweit is bloot toe te skryf aan die manlike geslag. Ek vermoed dat baie vroue self ook hierdie denke handhaaf, in stand hou en (on)bewustelik ondersteun. Waar sulke taal oor vroue gebruik word, word vrouelidmate werklik bemagtig tot selfvertroue en 'n begrip van hulle belangrike plek en rol as die bruid van Christus?

Gelukkig woon my kollega nie meer my erediens-te so gereeld by nie. Nogtans moet ek maar steeds voel-voel bid om God nie vir ons mans te kaap nie.

*\*Waldemar G Stumpfe is 'n leraar van Fontainebleau Gemeenskapskerk in Johannesburg. Hy is onlangs ook aangestel as deelydse fasiliteerder van kategese van die NG Kerk, in diens van Bybel-Media.*